# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 9:00

## Die groot verrassing wat op ons wag!

**Skriflesing:**
1 Petrus 1:1-15

**Teksvers**: 2 Petrus 1:11

**Sing**:
Ps 75:1,4,6
Ps 119:11,25
Sb 16-1:1-3
Ps 18:12
Sb 8-1:1,2
Sb 18-7:1,3,11,12
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**:

Hoe ouer ek word hoe meer dringend vind ek dit dat jy jou Doop sal verstaan en onthou. Alhoewel die Doop geen saligmakende kragte het nie (soos Roomse sou beweer), vind ek dit tog van die grootste troos-waarde dat jy onthou dat God Homself aan jou verbind het en dit in die waterteken van die Doop beseël en bekragtig het. Dit is God se verbondstrou! Dit is iets wat jy jou hele lewe lank moet onthou en vas-hou! Dit gee krag en sekerheid en hoop.

Dit is egter ook so dat die Doop *twee kante* het en dat die dwaling van *sakramentalisme* eintlik net die *een* kant onthou en die *ander* baie belangrike kant vergeet!

Petrus wat in sy tweede brief die Gnostisisme aanpak wys weer daar-op dat die Doop jou oproep tot verbondstrou van jou kant. Daarsonder sal ons God nie sien nie! Kom ons dink vanmôre weer na oor wat die Doop van ons verwag en wat dán op ons wag…'n groot verrassing!

## SONDAGAAND 18:00

## Geloof red

**Skriflesing:**
Lukas 8:40-56

**Teksvers:**
Lukas 8:48

**HK**: Sondag 23

**Sing**:
Ps 9:1, 7
Ps 18:2, 20
Ps 116:1, 2, 6, 8, 9
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**:
Ds Lourens Venter

Met Sondag 22 bereik ons die einde van ons geloofsbelydenis. Die belydenis wat so presies uitgelê is oor die betekenis van elkeen van die 12 artikels keer nou terug na ons in persoon en vra: wat is die waarde van al hierdie dinge wat ons bely? Wat is die waarde van jou geloof?

Ons gaan vervolgens stilstaan by die gebeure van twee meisies wie se lewe in gevaar is agv gesondheid met die tema: Geloof red.

1. Kan jy nog die 5 bekende solismes onthou van die reformasie? Sola Fide... ens
2. Hoekom sal ons bely dat geloof red, as dit tog net ons Here Jesus is wat kan verlos? Hab. 2 en Romeine 1
3. Wat beteken die woorde: geregtigheid en regverdigheid?
4. Watter soort werke kan ons doen om onsself te red?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 45 Nr 25 5 Julie 2020**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## Die Nuwe Normaal - Eintlik Abnormaal

Ek maak verskoning. Diep. Nederige verskoning. Ek het vanmiddag tussen die inkopierakke byna vir Gert verbygeloop. Daar was trane in sy oë agter die blou masker. Ek het jou regtig nie herken nie, my liewe broer. Nogmaals vra ek om verskoning.

In Venesië kan jy maskers koop. Regte, volgesigsmaskers wat jou voorkoms soos die van 'n nar laat lyk. Maskers wat die vulgariteite van die eiland van romanse verdoesel. Maskers wat die sonde moet wegsteek. Maskers wat lag oor die pret van die banale. Dan skielik storm dit in jou op, die weerstand, die afsku, die weersin teen die wêreld waar jy gewoon net nie inpas nie. Die wêreld is ons woning nie! Ook selfs nie Venesië waarvan almal droom nie.

Almal dra maskers. Die maskers van pretensie. Niemand moet sien nie. Niemand moet inkyk nie. Niemand moet weet nie. By niemand is ek veilig nie. Voorgee is selfverdediging teen die liefdeloosheid van die ander. Soms net vermoedelike liefdeloosheid omdat ekself net so is. My masker die skild voor my eie narsisme. My eie-ek. Ekself.

Selfs op die eiland van die liefde met sy gondeliers en straatmusikante, kry ek myself nie verlos nie. Agter die vyeblaarmaskers van die massas en die vreemde wêreld kry ek my selfsug nie verberg nie.

Maskers op!

Dis die normaal. Maskerlose maskers.

En toe kom Gert - met sy regte Covid-masker in Checkers - en stuit my in my spore. Sou hy dink: selfs die dominee wil my nie ken nie?

Steeds staan ek botstil. Sien ek 'n traan in die moment van weerontmoeting? Iets onsigbaars gebeur... ons harte ontmoet … agter die maskers van materiaal.

ABNORMAAL!

'n Oomblik sien ek 'n stukkie van sy siel. Hy myne. Verbode, ons mag mekaar nie aanraak nie, dit kan die dood bring! Tog, ons wil. Ons mag nie. Maskers regeer!

ABNORMAAL!

Agter Gert en my maskers kom iets na vore: pyn, alleenheid, kommer, stukke vrees - in 'n erge graad.

Ons ken mekaar. As geloofsgenote wetend: almal is sondaars. Ek die grootste sondaar, soos Paulus. So ontvang en gebore. En tog broers, verloste sondaars! Niks om weg te steek nie.

En nou die nuwe Abnormaal: regte maskers teen die dood. Teen die vrees vir die dood. Die vyand.

'n Stil begeerte groei, skree dit uit: Alle maskers moet af! Ook die maskers van skyn, pretensie en voor-gee.

Vervolg bl 6...

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan 'n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

---

**<u>KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES</u>: www.gkcenturion.co.za**

**<u>VIDEO UITSENDINGS</u>** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**<u>EREDIENSTE OP INTERNET</u>:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**<u>LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON</u>**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**<u>BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK</u>:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



**DISSIPELSKAPAKSIE – WOORDBEDIENING ONDER DIE WERKLOSES**.

Die dissipelskapaksie het in 2016 begin na dissipelskapkursusse wat die Evangeliesasiekommissie gereël het. Onderleiding van Ds Johannes Aucamp het die kursus in aksie omgeskakel en so het die eerste groep mense wat die Here oor hul pad gestuur het by die Bothalaanbrug bymekaar gekom. Met die hawelose mense het hul baie geleer van omgee en liefde vir ons medemens (met wie ons nie altyd ons self vereenselwig nie).

**Die bedieningspunte**: Daar het destyds 'n behoefte ontstaan vanaf die "karretjie mense" om ook bedien te word. Die bediening het begin fokus op die mense van "Mushroom farm" oorkant Supersport Park en soos wat die mense van die brug begin aanbeweeg het, het die brug bediening oorgeskuif na die "karretjie mense" by Jean Crossing in Clubview. Intussen het daar ook 'n bedieningspunt ontstaan by Irene stasie nadat hulle tydens fase vyf en vier van die grendeltyd daagliks met kos verskaf is en met die Woord bedien is. Nadat die Woord aan die mense by hierdie drie punte bedien word, word daar dan kos verskaf met die hulp van die Diakonie en is daar ook susters by betrokke. Met groot dank aan almal wat betrokke is en in besonder tydens die moeilike tye onder die grendeltyd.

**Die span**: Met groot dank aan ons Here het die bediening die afgelope paar jare 'n standvastige dissipelskapaksie geword onderleiding van ouderlinge Hennie van der Walt en Hein Venter. Die span wat op 'n gereelde basis elke Sondagoggend voor kerk die drie bedieningspunte hanteer is: Hennie en Hein wat die leiding neem, Solly en Ernest van die Alethea Ministry en Mandla en Carl wat voorheen by die Mukhanyo Afstandsonderrig groep betrokke was. Daar is ook ondersteuning vanaf die Biblos projek wat van tyd tot tyd betrokke is met die voorsiening van Bybels. Weereens met groot dank aan hierdie span wat so gereeld hierdie bedieningspunte bedien en soms onder baie moeilike omstandighede.

**Raak betrokke**: Daar het onlangs 'n paar lidmate by die bediening betrokke geraak maar daar word 'n beroep op lidmate gedoen wat hul weg oopsien om wel uit te reik en betrokke te raak by hierdie span.

Kontak asb Hennie (082 927 4326) of Hein (083 357 6141).

Luk 10:2 Hy het vir hulle gesê: *"Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.*

Die Here se oes is inderdaad groot en die opdrag van Jesus is vas – Mat 28:19 *"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels..."* kom word deel van die Dissipelskapaksie en ontdek God saam met die span.





...vervolg van bl 1

Is so iets op aarde tog moontlik! Ja, in beginsel wel: slegs in ware gemeenskap (lees: koinonia) van die heiliges, by ware broer-en susterskap, by ware omgee, liefde, vergifnis, barmhartigheid (lees: warmhartigheid).

Ons hoop die tyd kom (mag die Here ons bewaar en genadig wees en dit bespoedig) dat ons die fisiese Corona-maskers sal kan afhaal, sonder verwyt. Weer normaal aangaan.

Dis die vraag!

Normaal was ons nog nooit. Net Adam en sy vrou was aanvanklik normaal...

Die nuwe normaal, honderd persent sonder enige soort masker, pretensieloos en volkome vry...? Eers in die Nuwe Jerusalem!

Gert, my broer, ons sal mekaar daar weer sien. Dan sal ek jou nie weer verbyloop nie! Ek belowe!

Groete. Jou broer in Christus.

Maarten (vdm)

## Eljada Huis

Dit gaan nie goed by Eljada Huis nie.  Die huis is nog nie oop nie maar Petro lewer op 'n twee-weeklikse basis kos af vir die ongeveer 180 mense.

Hulle konsentreer veral op basiese voedsel en **benodig dringend die volgende**: Soja, rys, sop-poeier, lensies (rooi/bruin), mieliemeel, suiker, margarien, grondboontjiebotter, vars groente en aartappels, koekmeel, kookolie, blikkies groente en vleis waar nie krag/water beskikbaar is nie, badseep, tandepasta, sjampoe, skeermesse, toiletpapier. komberse, wintersklere, mussies, serpe.

Kontak asb Petra Swanepoel by 0828277324 vir reëlings om die skenkings af te laai of u kan dit tydens die grendelwinkel op 10 Julie en 24 Julie in die trollie onder die olyfboom plaas.

### *ELJADA HUIS* (nuusbrief verkort)

Op 1 Junie 2020 was dit reeds 10 jaar vandat die deure van Eljada Huis geopen het. Ons is dankbaar vandag om op mooi herinneringe en diep spore wat Annatjie getrap het, voort te bou.

Ons gesinne het gegroei van 16 na 60+ (180+ mense) en groei nog steeds. God se genade en sorg hou net nie op nie. Ons kan Hom nie genoeg loof en prys hiervoor nie!! Ek wil graag die dankbaarheid van elke gesinslid wanneer ons pakkies aflaai, oordra. God ken elkeen se dade en barmhartigheid om verligting te bring vir ons gesinne. Ons prys Hom vir Sy goedheid en genade!

Met die oog op ons ongelooflike toename in getalle, konsentreer ons veral op basiese voedsel en **benodig ons dringend die volgende:** Soja, rys, soppoeier, lensies (rooi/bruin), mieliemeel, suiker, margarien, grondboontjiebotter, vars groente en aartappels, koekmeel, kookolie, blikkies groente en vleis waar nie krag/water beskikbaar is nie, badseep, tandepasta, sjampoe, skeermesse, toiletpapier. komberse, wintersklere, mussies, serpe.

U welkom om 'n elektroniese oorbetaling te doen na ons bankrekening waarna ons dan self aankope sal doen.

Baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae lewer om verligting te bring in die armoede van ons gesinne, hoe gering ookal.  Dit word opreg waardeer.

***Bankbesonderhede:*** Eljada Huis, Standard Bank, Montana,
Marketlink spaar, 044396058, Bankkode 051001
Petro 0793775711 /info@eljadahuis.org.za / kontak@eljadahuis.org.za



# *Ons gee om vir Mekaar*



"*...die Here sal my onder sy sorg neem.*"  Ps 27:10

- Luan van Niekerk sterk aan in Groenkloof hospitaal (A9—654 3572).
- Meelewing word betuig met ds Paul en Annette vd Berg na die afsterwe van Annette se moeder gedurende die week.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

Jors en Rozanne met die doop van Anrich Groenewald vanoggend.

## Diakonie

Onder vlak 3 van die inperkings kan meer ouers weer begin werk alhoewel skole nog gesluit is. Dit is voorwaar 'n uitdagende situasie.

Die diakonie wil probeer help deur die skakel te wees tussen persone wat kinderoppassers benodig, en die persone wat dié dienste kan lewer.

Stuur 'n epos aan diakonie@gkcenturion.co.za en verskaf inligting tov jou behoefte of diens wat aangebied kan word. Ons sal poog om die verskillende belangegroepe met mekaar te verbind.

Dit is natuurlik op u eie risiko en dit bly u eie verantwoordelikheid om die nodige riglyne te volg.

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die  Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid          By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid          By die deure: Emeritaatsversorging

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

## Versoek van die Diakonie

Die Diakonie het besluit om in die lig van die Covid 19 pandemie en die inkomste verliese binne ons gemeente 'n inisiatief te begin waar ons mekaar kan ondersteun. U word versoek om asseblief vir ons die volgende inligting deur te stuur:

1. Indien u, u werk verloor het en werk soek. Stuur 'n epos aan diakonieskriba@gkcenturion.co.za en dui tipe werk wat u soek aan. Inligting sal streng vertroulik hanteer word.

2. Vakante poste waaroor u as werkgewer beskik.

3. Indien u, u eie besigheid het, stel ons asseblief in kennis wat u doen en die kontaknommer van u besigheid, of as u enigiets verkoop. Ons versoek dat mense mekaar binne kerkverband ook hierin ondersteun bv. as u 'n loodgieter is XXX loodgieters – kontak no. XX en kontak persoon XX.

Inligting moet die diakonie op 'n Woensdag om 10:00 bereik vir verwerking en plasing in die week se nuusbrief. Stuur besonderhede na diakonieskriba@gkcenturion.co.za.

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en gebouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Het u 'n meubelstuk wat vra vir herstelwerk?** Het u kaste waarvan die skarniere, laaispore, slotte ens nie meer werk nie? Kontak my asb vir 'n gratis kwotasie. Jan Reesink 079 455 4580.

**Heerlike tuisgebak.** Melktert, piesangbrood, mielie-kaas brood, lemoenbrood en heerlike wortelkoekbroodjie met roomkaasversiersel. Bestellings moet 24 uur vooraf geplaas word vir afhaal Vrydae. Kontak Charvette 081 251 9617

**Speelterapie praktyk.** Wietske Boon 0824114015/wietske@childtherapist.co.za

**Skryfbehoeftes** vir Skool en kantoor, Kantoor masjiene, Laser-gravering. Hein Greyling 664 3560/hein@10uit10.co.za

**Alle instandhouding**, bou verf ens. Hennie vd Walt 082 927 4326 / hj2vdwalt@gmail.com

**3D Argitektoniese** Renderings/Perspektiewe vir Bemarking, Kommunikasie en Ontwerpdoeleindes -www.jaggedpixel3d.net. Johan 0833816454/jagged@lantic.net

**Gesoek**: Projek koördinering/bestuur, *warehousing/store/configuration management/data capturing* of enige ander werk. Johann Nothling 062 678 5074



## Vrydag-Grendel-Winkel

**Topverkopers 10 Julie**

Vetkoek en Maalvleis R25
Melktert R40

Beskuit (500g) Keuse van:
Karringmelk/All Bran R50

Koekies (500g) Keuse van:
Koffie/Gemmer/Kondensmelk R50

**Droë Vrugte** (500g behalwe waar anders aangedui):

| | |
|---|---|
| Ongeskilde perskes | R45 |
| Geskilde perskes | R60 |
| Gemaalde perskes | R45 |
| Nektariens | R50 |
| Pruimedante | R45 |
| Gemengde vrugte | R50 |
| Vrugte lekkers | R40 |
| Appelringe (250g) | R35 |
| Pere | R45 |
| Vrugtevlokkies (250g) | R40 |
| Perskerolletjies (100g) | R15 |
| Pererolletjies (suikervry 100g) | R15 |
| Appelkose | R45 |

**Bestellings sluit 8 Julie, 12:00**
Plaas bestellings by Liana 071 600 0368
Bestellings kan **10 Julie** tussen **16:00 en 17:00** by kerk opgetel word

## VERJAARSDAE

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 05-Jul | Willy | Jv Rensburg | A15 | 27799996069 |
| 06-Jul | Lucille | Kotze | A16 | 27837300933 |
| 07-Jul | Liezl | Smit | B13 | 27835921434 |
| 08-Jul | Jenny | Mc Cabe | A16 | 27834073040 |
| 09-Jul | Lumé | de Beer | C10 | 27834693637 |
| | Camilla | Pretorius | B17 | 27789891482 |
| 10-Jul | Sczûrika | Kilian | B02 | 27794974784 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 05-Jul | Ru-Juan | Delport | B17 | 27722481474 |
| | Christiaan | Schutte | B02 | 27798963647 |
| 07-Jul | Corlia | Engelbrecht | A14 | 27726981649 |
| | Cayla | Rex | A04 | 27761643198 |
| 08-Jul | Stiaan | Grünenfelder | C15 | 27790877564 |
| 10-Jul | Leoné | Johl | B06 | 27605587953 |
| | Martin | vd Walt | C02 | 27605421769 |
| | Kayla | v Schalkwyk | E01 | 27823768330 |
| 11-Jul | Yvette | vd Merwe | C10 | 27825658982 |

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skep-hoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949 Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324 Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608